Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# GOVERNMENT GAZETTE

# STAATSKOERANT

VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

REGULATION GAZETTE No. 2675 | PRICE 20c PRYS | REGULASIEKOERANT No. 2675

OVERSEAS 30c OORSEE

Registered at the Post Office as a Newspaper | POST FREE — POSVRY | As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer

Vol. 160] PRETORIA, 13 OCTOBER / OKTOBER 1978 [No. 6182

## PROCLAMATION

*by the Acting State President of the Republic of South Africa*

No. R. 262, 1978

MAIZE AND GRAIN SORGHUM SCHEME.—AMENDMENT

Whereas the Minister of Agriculture has, in terms of section 9 (2) (c), read with section 15 (3), of the Marketing Act, 1968 (Act 59 of 1968), accepted the proposed amendment as set out in the Schedule hereto, to the Maize and Grain Sorghum Scheme, published by Proclamation R. 113 of 1961, and has, in terms of section 12 (1) (b) of the said Act, recommended the approval of the proposed amendment;

Now, therefore, under the powers vested in me by section 14 (1) (a) read with the said section 15 (3) of the said Act, I hereby declare that the said amendment shall come into operation on the date of publication hereof.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Pretoria this Second day of October, One thousand Nine hundred and Seventy-eight.

M. VILJOEN, Acting State President.

By Order of the Acting State President-in-Council:

H. SCHOEMAN.

SCHEDULE

The Maize and Grain Sorghum Scheme, published by Proclamation R. 113 of 1961, as amended, is hereby further amended by the deletion of subsection (5) of section 28.

## PROKLAMASIE

*van die Waarnemende Staatspresident van die Republiek van Suid-Afrika*

No. R. 262, 1978

MIELIE- EN GRAANSORGHUMSKEMA.—WYSIGING

Nademaal die Minister van Landbou, kragtens artikel 9 (2) (c), saamgelees met artikel 15 (3), van die Bemarkingswet, 1968 (Wet 59 van 1968), die voorgestelde wysiging in die Bylae hiervan uiteengesit, van die Mielie- en Graansorghumskema, afgekondig by Proklamasie R. 113 van 1961, aangeneem het, en kragtens artikel 12 (1) (b) van genoemde Wet goedkeuring van die voorgestelde wysiging aanbeveel het;

So is dit dat ek kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 14 (1) (a) saamgelees met die genoemde artikel 15 (3) van genoemde Wet, hierby verklaar dat die genoemde wysiging op die datum van publikasie hiervan in werking tree.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Pretoria, op hede die Tweede dag van Oktober Eenduisend Negehonderd Agt-en-sewentig.

M. VILJOEN, Waarnemende Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade:

H. SCHOEMAN.

BYLAE

Die Mielie- en Graansorghumskema, afgekondig by Proklamasie R. 113 van 1961, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur subartikel (5) van artikel 28 te skrap.

## GOVERNMENT NOTICES

## DEPARTMENT OF AGRICULTURAL ECONOMICS AND MARKETING

No. R. 2053 13 October 1978

REQUIREMENTS FOR REGISTRATION OF MILLERS OR MANUFACTURERS

The Minister of Agriculture has, under the powers vested in him by section 89 of the Marketing Act, 1968 (Act 59 of 1968), made the regulations set out in the Schedule hereto.

## GOEWERMENTSKENNISGEWINGS

## DEPARTEMENT VAN LANDBOU-EKONOMIE EN -BEMARKING

No. R. 2053 13 Oktober 1978

VEREISTES VIR REGISTRASIE VAN MEULENAARS OF VERVAARDIGERS

Die Minister van Landbou het, kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 89 van die Bemarkingswet, 1968 (Wet 59 van 1968), die regulasies in die Bylae hiervan uiteengesit, gemaak.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



SCHEDULE

1. In this Schedule, unless inconsistent with the context, a word or expression to which a meaning has been assigned in the Maize and Grain Sorghum Scheme, published by Proclamation R. 113 of 1961, as amended, shall have a corresponding meaning and—

(a) "gristing miller" means a person who is registered in terms of section 28 (1) (b) of the Scheme to grind, crush, grist or otherwise process maize on behalf of other persons;

(b) "commercial miller" means a person who is registered in terms of section 28 (1) (b) of the Scheme to grind, crush, grist or otherwise process maize on behalf of other persons and for his own account and to sell the products derived from maize which he ground, crushed, gristed or otherwise processed for his own account; and

(c) "manufacturer" means a person who is registered in terms of section 28 (1) (b) of the Scheme to grind, crush, grist or otherwise process maize for the manufacture and sale of maize products other than maize products as defined in Government Notice R. 515 of 26 March 1976, as amended.

2. Any person who wishes to be registered with the Maize Board, mentioned in section 2A of the Scheme, as commercial miller or as gristing miller or as manufacturer in terms of the provisions of section 28 (1) (b) of the Scheme, must comply with the following requirements:

(a) The applicant must have fixed premises on which his mill is erected or is to be erected.

(b) Application must be made on the form made available by the Maize Board for this purpose.

BYLAE

1. In hierdie Bylae tensy uit die samehang anders blyk, het 'n woord of uitdrukking waaraan in die Mielie- en Graansorghumskema, afgekondig by Proklamasie R. 113 van 1961, soos gewysig, 'n betekenis geheg is, 'n ooreenstemmende betekenis en beteken—

(a) "klandisiemeulenaar" 'n persoon wat kragtens artikel 28 (1) (b) van die Skema geregistreer word om mielies ten behoewe van ander persone te maal, te breek, tot gruis te maak of andersins te verwerk;

(b) "kommersiële meulenaar" 'n persoon wat kragtens artikel 28 (1) (b) van die Skema geregistreer word om mielies ten behoewe van ander persone en vir sy eie rekening te maal, te breek, tot gruis te maak of andersins te verwerk en die produkte verkry van mielies wat hy vir sy eie rekening gemaal, gebreek, tot gruis gemaak of andersins verwerk het, te verkoop; en

(c) "vervaardiger" 'n persoon wat kragtens artikel 28 (1) (b) van die Skema geregistreer word om mielies te maal, te breek, tot gruis te maak of andersins te verwerk vir die vervaardiging en verkoop van mielieprodukte ander as mielieprodukte soos omskryf in Goewermentskennisgewing R. 515 van 26 Maart 1976, soos gewysig.

2. Enige persoon wat by die Mielieraad, genoem in artikel 2A van die Skema, geregistreer wil wees as kommersiële meulenaar of as klandisiemeulenaar of as vervaardiger ooreenkomstig die bepalings van artikel 28 (1) (b) van die Skema, moet aan die volgende vereistes voldoen:

(a) Die applikant moet 'n vaste perseel hê waarop sy meule opgerig is of opgerig staan te word.

(b) Aansoek moet gedoen word op die vorm wat die Mielieraad vir dié doel beskikbaar stel.

## DEPARTMENT OF AGRICULTURAL TECHNICAL SERVICES

No. R. 2035 13 October 1978

CORRECTION NOTICE

WINE, OTHER FERMENTED BEVERAGES AND SPIRITS ACT, 1957 (ACT 25 OF 1957)

The following corrections shall be made in the Schedule to the regulations published in Government Notice R. 1882 of 22 September 1978 (*Government Gazette* 6163):

(1) Substitute the words "Nemes Furmint" and "Pontak/Pontac (Teinturier mâle) for the words "Nemes Purmint" and "Pontak/Pontac (Teinturior male) in column 1.

(2) Substitute the words "Donzellinho do Gallego" and "Prune de Cazouls" for the words "Donzellinho do Callego" and "Pruno de Cazouls" in column 3.

## DEPARTEMENT VAN LANDBOU-TEGNIESE DIENSTE

No. R. 2035 13 Oktober 1978

VERBETERINGSKENNISGEWING

WET OP WYN, ANDER GEGISTE DRANK EN SPIRITUALIEË, 1957 (WET 25 VAN 1957)

Die volgende verbeterings moet in die Bylae van die regulasies gepubliseer by Goewermentskennisgewing R. 1882 van 22 September 1978 (*Staatskoerant* 6163) aangebring word:

(1) Vervang die woorde "Nemes Purmint" en "Pontak/Pontac (Teinturior male)" in kolom 1 met die woorde "Nemes Furmint" en "Pontak/Pontac (Teinturier mâle)".

(2) Vervang die woorde "Donzellinho do Callego" en "Pruno de Cazouls" in kolom 3 met die woorde "Donzellinho do Gallego" en "Prune de Cazouls".

## DEPARTMENT OF COMMERCE

No. R. 2052 13 October 1978

TRADE METROLOGY ACT, 1973

AMENDMENT OF REGULATIONS

The Minister of Economic Affairs has, in terms of section 42 of the Trade Metrology Act, 1973 (Act 77 of 1973), published the regulations contained in the Schedule hereto.

J. C. HEUNIS, Minister of Economic Affairs.

## DEPARTEMENT VAN HANDEL

No. R. 2052 13 Oktober 1978

WET OP HANDELSMETROLOGIE, 1973

WYSIGING VAN REGULASIES

Die Minister van Ekonomiese Sake het kragtens artikel 42 van die Wet op Handelsmetrologie, 1973 (Wet 77 van 1973), die regulasies vervat in die Bylae hiervan uitgevaardig.

J. C. HEUNIS, Minister van Ekonomiese Sake.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



## SCHEDULE

1. In this Schedule "the regulations" shall, unless otherwise indicated by the context, mean the regulations as contained in Part II of the Schedule to Government Notice R. 2362 of 18 November 1977.

2. Regulation 2 of the regulations is hereby amended by the insertion of the following paragraph after paragraph (d):

"(dA) the determinattion of length or force in connection with any instrument for measuring the velocity of road vehicles for the purposes of the relevant provisions of any road traffic ordinance;".

3. Regulation 63 of the regulations is hereby amended by the deletion of subregulation (4).

4. The following regulations are hereby inserted after regulation 82:

### "FORCE AND LENGTH MEASURING INSTRUMENTS USED WITH VELOCITY METERS

*Definition*

82A. (1) In relation to velocity meters used for the enforcement of any relevant provision of any road traffic ordinance, the conditions and requirements for the use of which are prescribed in any notice published in terms of section 212 (10) (a) of the Criminal Procedure Act, 1977 (Act 51 of 1977), the terms 'spring force scale' and 'measuring bar' shall mean respectively the force measuring instrument used for setting the prescribed tension of, and the measure of length used for setting the prescribed distance between, the sensors of such velocity meters.

*Spring force scale*

*Construction*

(2) A spring force scale shall have a single load balancing spring and shall be of a model approved in terms of section 18 of the Act.

*Calibration*

(3) A spring force scale shall be calibrated in newtons and the value of the smallest graduation shall be not greater than 2 N.

*Error permitted*

(4) A spring force scale shall neither overregister nor underregister by more than 2 N for any load throughout its measuring range.

*Method of certifying*

(5) Every spring force scale shall be provided with a serial number indelibly stamped or engraved upon it and shall be certified or recertified by means of a certificate on which such number is indicated for the purpose of identification of the instrument.

*Periodic recertification*

(6) A spring force scale used for the enforcement of any relevant provision of any road traffic ordinance shall have been recertified by an inspector within 12 months prior to the date of such use:

Provided that such spring force scale shall not be subject to the requirements of a notice under section 19 (1) of the Act.

*Measuring bars*

*Construction*

(7) A measuring bar shall be of a model approved in terms of section 18 of the Act.

## BYLAE

1. In hierdie Bylae, tensy uit die samehang anders blyk, beteken "die regulasies" die regulasies soos vervat in Deel II van die Bylae van Goewermentskennisgewing R. 2362 van 18 November 1977.

2. Regulasie 2 van die regulasies word hierby gewysig deur die volgende paragraaf na paragraaf (d) in te voeg:

"(dA) die bepaling van lengte of krag in verband met enige instrument vir die meting van die snelheid van padvoertuie by die toepassing van die tersaaklike bepalings van 'n padverkeerordonnansie;".

3. Regulasie 63 van die regulasies word hierby gewysig deur subregulasie (4) te skrap.

4. Die volgende regulasies word hierby na regulasie 82 ingevoeg:

### "KRAG- EN LENGTEMEETINSTRUMENTE VIR GEBRUIK MET SNELHEIDSMETERS

*Woordomskrywing*

82A. (1) In verband met snelheidsmeters wat vir die toepassing van 'n tersaaklike bepaling van 'n padverkeerordonnansie gebruik word en waarvan die gebruiksvoorwaardes en -vereistes voorgeskryf is in 'n kennisgewing afgekondig kragtens artikel 212 (10) (a) van die Strafproseswet, 1977 (Wet 51 van 1977), beteken die uitdrukkings 'veer-kragskaal' en 'meetstaaf' onderskeidelik die kragmeetinstrument wat gebruik word vir die stelling van die voorgeskrewe spanning van, en die lengtemaat wat gebruik word vir die stelling van die voorgeskrewe afstand tussen, die sensors van sodanige snelheidsmeters.

*Veer-kragskale*

*Samestelling*

(2) 'n Veer-kragskaal moet van 'n enkellasbalanseerveer voorsien wees en moet van 'n model wees wat ingevolge artikel 18 van die Wet goedgekeur is.

*Kalibrering*

(3) 'n Veer-kragskaal moet in newton gekalibreer wees en die waarde van die kleinste skaalverdeling mag hoogstens 2 N wees.

*Toelaatbare onjuistheid*

(4) 'n Veer-kragskaal mag vir enige belasting binne sy meetbestek met nie meer as 2 N oorregistreer of onderregistreer nie.

*Sertifiseringsmetode*

(5) Elke veer-kragskaal moet van 'n reeksnommer voorsien wees wat onuitwisbaar daarop gestempel of gegraveer is en moet gesertifiseer of hersertifiseer word deur middel van 'n sertifikaat waarop sodanige reeksnommer aangedui is vir die doel van identifisering van die instrument.

*Periodieke hersertifisering*

(6) 'n Veer-kragskaal wat vir die toepassing van 'n tersaaklike bepaling van 'n padverkeerordonnansie gebruik word, moet binne 12 maande voor die datum van sodanige gebruik deur 'n inspekteur hersertifiseer gewees het:

Met dien verstande dat sodanige veer-kragskaal nie aan die vereistes van 'n kennisgewing kragtens artikel 19 (1) van die Wet onderworpe is nie.

*Meetstawe*

*Samestelling*

(7) 'n Meetstaaf moet van 'n model wees wat kragtens artikel 18 van die Wet goedgekeur is.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



*Length*

(8) A measuring bar shall be of such length as is prescribed for it in respect of any velocity meter in any notice aforesaid, published in terms of the Criminal Procedure Act, 1977, and the nominal length thereof shall be indelibly stamped or engraved upon its upper surface.

*Permissible error*

(9) The error permitted on a measuring bar shall be 1 mm/m of its nominal length in excess only.

*Method of certifying*

(10) A measuring bar shall be provided with a serial number indelibly stamped or engraved upon it, or upon each section of a hinged bar, and shall be certified or recertified by means of a certificate on which such number is indicated for the purpose of identification of the bar:

Provided that upon initial certification only, a certifying stamp shall be placed upon the bar itself near to each end.

*Periodic recertification*

(11) A measuring bar used for the enforcement of any relevant provision of any road traffic ordinance shall have been recertified by an inspector within 12 months prior to the date of such use:

Provided that such measuring bar shall not be subject to the requirements of a notice under section 19 (1) of the Act.".

"TYRE TREAD-DEPTH METERS

*Definition*

82B. (1) The term 'tyre tread-depth meter' means an instrument used for the measurement of the depth of the tread of the tyres of road vehicles for the enforcement of the relevant provisions of any road traffic ordinance.

*Construction*

(2) A tyre tread-depth meter shall be of a model approved in terms of section 18 of the Act.

*Calibration*

(3) A tyre tread-depth meter shall be calibrated in mm and the value of the smallest graduation shall be not greater than 0,1 mm.

*Permissible error*

(4) A tyre tread-depth meter shall neither overregister by more than 0,1 mm nor underregister by more than 0,05 mm at any point within the measuring range thereof.

*Method of certifying*

(5) A tyre tread-depth meter shall be certified by means of a certifying stamp, placed either upon a lead stamping plug or upon a lead seal as prescribed in the relevant notice of approval.

*Periodic recertification*

(6) A tyre tread-depth meter used for the enforcement of a relevant provision of a road traffic ordinance shall irrespective of the required initial certification have been

*Lengte*

(8) 'n Meetstaaf moet van sodanige lengte wees as wat met betrekking tot 'n snelheidsmeter daarvoor voorgeskryf is in 'n voornoemde kennisgewing wat afgekondig is kragtens die Strafproseswet, 1977, en die nominale lengte daarvan moet onuitwisbaar op die boonste vlak daarvan gestempel of gegraveer wees.

*Toelaatbare onjuistheid*

(9) Die toelaatbare onjuistheid vir 'n meetstaaf is 1 mm/m van sy normale lengte slegs as oormaat.

*Sertifiseringsmetode*

(10) 'n Meetstaaf moet voorsien wees van 'n reeksnommer wat onuitwisbaar daarop, of op elke afsonderlike deel in die geval van 'n geskarnierde staaf, gestempel of gegraveer is, en moet gesertifiseer of gehersertifiseer word deur middel van 'n sertifikaat waarop sodanige reeksnommer aangedui is vir die doel van identifisering van die staaf:

Met dien verstande dat slegs by die eerste sertifisering van die meetstaaf 'n sertifiseringstempel op die meetstaaf self aangebring moet word, en wel naby elke ent.

*Periodieke hersertifisering*

(11) 'n Meetstaaf wat by die toepassing van 'n tersaaklike bepaling van 'n padverkeerordonnansie gebruik word, moet binne 12 maande voor die datum van sodanige gebruik deur 'n inspekteur gehersertifiseer gewees het:

Met dien verstande dat sodanige meetstaaf nie aan die vereistes van 'n kennisgewing kragtens artikel 19 (1) van die wet onderworpe is nie.".

"BUITEBANDLOOPVLAKDIEPTEMETERS

*Woordomskrywing*

82B. (1) Die uitdrukking 'buitebandloopvlakdieptemeter' beteken 'n instrument wat gebruik word vir die meting van die diepte van die loopvlak van die buitebande van padvoertuie by die toepassing van 'n tersaaklike bepaling van 'n padverkeerordonnansie.

*Samestelling*

(2) 'n Buitebandloopvlakdieptemeter moet van 'n model wees wat kragtens artikel 18 van die Wet goedgekeur is.

*Kalibrering*

(3) 'n Buitebandloopvlakdieptemeter moet in mm gekalibreer wees en die waarde van die kleinste skaalverdeling mag hoogstens 0,1 mm wees.

*Toelaatbare onjuistheid*

(4) 'n Buitebandloopvlakdieptemeter mag by enige punt binne sy meetbestek met hoogstens 0,1 mm oorregistreer of met hoogstens 0,05 mm onderregistreer.

*Sertifiseringsmetode*

(5) 'n Buitebandloopvlakdieptemeter moet gesertifiseer wees deur middel van 'n sertifiseringstempel wat aangebring is óf op 'n loodprop óf op 'n loodseël, soos voorgeskryf in die betrokke kennisgewing van goedkeuring.

*Periodieke hersertifisering*

(6) 'n Buitebandloopvlakdieptemeter wat gebruik word by die toepassing van 'n tersaaklike bepaling van 'n padverkeerordonnansie moet, afgesien van die vereiste oorspronklike sertifisering, weer binne 12 maande voor

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



recertified by an inspector within 12 months prior to the date of any such use:

Provided that the tyre tread-depth meter shall not be subject to the requirements of a notice under section 19 (1) of the Act.".

## DEPARTMENT OF JUSTICE

No. R. 2051 13 October 1978

CONDITIONS AND REQUIREMENTS PRESCRIBED IN TERMS OF SECTION 212 (10) (a) OF THE CRIMINAL PROCEDURE ACT, 1977 (ACT 51 OF 1977)

In terms of section 212 (10) (a) of the Criminal Procedure Act, 1977 (Act 51 of 1977), I, James Thomas Kruger, Minister of Justice, hereby amend the Schedule to Government Notice R. 389, dated 3 March 1978, as follows:

1. The substitution in Part I for paragraph 4 of the following paragraph:

"4. The sensors—

(a) shall be installed as set out hereinafter on a straight section of road with a reasonably even surface;

(b) shall be installed parallel to each other and at right angles to the centre line of the road. The following method of installation shall be followed:

die datum van enige sodanige gebruik deur 'n inspekteur hersertifiseer gewees het:

Met dien verstande dat 'n buitebandloopvlakdieptemeter nie aan die vereistes van 'n kennisgewing kragtens artikel 19 (1) van die Wet onderworpe is nie.".

## DEPARTEMENT VAN JUSTISIE

No. R. 2051 13 Oktober 1978

VOORSKRYF VAN VOORWAARDES EN VEREISTES KRAGTENS ARTIKEL 212 (10) (a) VAN DIE STRAFPROSESWET, 1977 (WET 51 VAN 1977)


Kragtens artikel 212 (10) (a) van die Strafproseswet, 1977 (Wet 51 van 1977), wysig ek, James Thomas Kruger, Minister van Justisie, die Bylae van Goewermentskennisgewing R. 389 van 3 Maart 1978 soos volg:


1. Paragraaf 4 van Deel I word hierby deur die volgende paragraaf vervang:

"4. Die sensors—

(a) moet op 'n reguit gedeelte van 'n pad met 'n redelik gelyk blad opgestel word soos hieronder uiteengesit;

(b) moet parallel met mekaar en reghoekig met die middellyn van die pad opgestel word. Die volgende metode moet by die opstel van die sensors gevolg word:



Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



Mark two points (A and B on the figure) on the centre line of the road about 10 metres on either side of the intended sensor installation position. From the first point (A) construct an arc on the road surface cutting both road edges and from the second point (B) construct an arc cutting the first arc near the road edges. Join the points of intersection of the two arcs with a straight line which is then the position line of one sensor. The second sensor line is determined by constructing a line parallel to the first sensor line at a distance as prescribed in paragraph 4 (c);

(c) shall be spaced 1,50 metres apart when measured from the sides of the sensors which are nearest to each other by means of a measuring bar of that length, which is certified in terms of the Trade Metrology Act, 1973 (Act 77 of 1973);

(d) shall be tensioned to not less than 10N and not more than 12N per metre of the unstretched length which must be tensioned, by means of a spring force balance certified in terms of the Trade Metrology Act, 1973 (Act 77 of 1973);

(e) shall not span two lanes of traffic proceeding in opposite directions.".

2. The substitution in Part V for paragraph 4 of the following paragraph:

"4. The sensors—

(a) shall be installed as set out hereinafter on a straight section of road with a reasonably even surface;

(b) shall be installed parallel to each other and at right angles to the centre line of the road. The following method of installation shall be followed:

Merk twee punte (A en B op die tekening) op die middellyn van die pad, ongeveer 10 meter aan weerskante van die voorgenome posisie van die sensors. Trek 'n boog met punt (A) as die middelpunt, sodat beide kante van die padoppervlak gekruis word. Trek dan 'n tweede boog, met die ander gemerkte punt (B) as die middelpunt, sodat die boë mekaar naby beide kante van die pad sny. Verbind die snypunte met mekaar sodat 'n reguit lyn verkry word. Die reguit lyn sal dan die posisielyn van een sensor wees. Die tweede sensor se posisie word bepaal deur 'n lyn parallel met die eerste sensorlyn te trek op 'n afstand soos voorgeskryf in paragraaf 4 (c);

(c) moet 1,50 meter uitmekaar wees, welke afstand gemeet moet word vanaf die kante van die sensors wat die naaste aan mekaar is, met 'n meetstaaf van dié lengte, wat ingevolge die Wet op Handelsmetrologie, 1973 (Wet 77 van 1973), gesertifiseer is;

(d) moet gespan word tot minstens 10N en hoogstens 12N per meter van die ongespanne lengte wat gespan moet word, met 'n trekskaal wat ingevolge die Wet op Handelsmetrologie, 1973 (Wet 77 van 1973), gesertifiseer is;


(e) mag nie twee verkeersbane wat verkeer in teenoorgestelde rigtings dra, oorspan nie.".

2. Paragraaf 4 van Deel V word hierby deur die volgende paragraaf vervang:

"4. Die sensors—


(a) moet op 'n reguit gedeelte van 'n pad met 'n redelike gelyk blad opgestel word soos hieronder uiteengesit;

(b) moet parallel met mekaar en reghoekig met die middellyn van die pad opgestel word. Die volgende metode moet by die opstel van die sensors gevolg word:



Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998






Mark two points (A and B on the figure) on the centre line of the road about 10 metres on either side of the intended sensor installation position. From the first point (A) construct an arc on the road surface cutting both road edges and from the second point (B) construct an arc cutting the first arc near the road edges. Join the points of intersection of the two arcs with a straight line which is then the position line of one sensor. The second sensor line is determined by constructing a line parallel to the first sensor line at a distance as prescribed in paragraph 4 (c);

(c) shall be spaced 2,50 metres apart when measured from the sides of the sensors which are nearest to each other by means of a measuring bar of that length, which is certified in terms of the Trade Metrology Act, 1973 (Act 77 of 1973);

(d) shall be tensioned to not less than 10N and not more than 12N per metre of the unstretched length which must be tensioned, by means of a spring force balance certified in terms of the Trade Metrology Act, 1973 (Act 77 of 1973);

(e) shall not span two lanes of traffic proceeding in opposite directions.".

Merk twee punte (A en B op die tekening) op die middellyn van die pad, ongeveer 10 meter aan weerskante van die voorgenome posisie van die sensors. Trek 'n boog met punt (A) as die middelpunt, sodat beide kante van die padoppervlak gekruis word. Trek dan 'n tweede boog, met die ander gemerkte punt (B) as die middelpunt, sodat die boë mekaar naby beide kante van die pad sny. Verbind die snypunte met mekaar sodat 'n reguit lyn verkry word. Die reguit lyn sal dan die posisielyn van een sensor wees. Die tweede sensor se posisie word bepaal deur 'n lyn parallel met die eerste sensorlyn te trek op 'n afstand soos voorgeskryf in paragraaf 4 (c);

(c) moet 2,50 meter uitmekaar wees, welke afstand gemeet moet word vanaf die kante van die sensors wat die naaste aan mekaar is, met 'n meetstaaf van dié lengte, wat ingevolge die Wet op Handelsmetrologie, 1973 (Wet 77 van 1973), gesertifiseer is;

(d) moet gespan word tot minstens 10N en hoogstens 12N per meter van die ongespanne lengte wat gespan moet word, met 'n trekskaal wat ingevolge die Wet op Handelsmetrologie, 1973 (Wet 77 van 1973), gesertifiseer is;

(e) mag nie twee verkeersbane wat verkeer in teenoorgestelde rigtings dra, oorspan nie .".

## DEPARTMENT OF LABOUR

No. R. 2050 13 October 1978

INDUSTRIAL CONCILIATION ACT, 1956

IRON, STEEL, ENGINEERING AND METALLURGICAL INDUSTRIES. — AGREEMENT FOR THE RADIO MANUFACTURING SECTION

The following correction to Government Notice R. 1912 appearing in *Government Gazette* 6165 of 22 September 1978, is published for general information:

In the English version of the Schedule, in section 7 (1) (a) of Part I, substitute the word "of" for the word "or".

## DEPARTEMENT VAN ARBEID

No. R. 2050 13 Oktober 1978

WET OP NYWERHEIDSVERSOENING, 1956

YSTER-, STAAL-, INGENIEURS- EN METALLURGIESE NYWERHEID. — OOREENKOMS VIR DIE RADIOVERVAARDIGINGSEKSIE

Die onderstaande verbetering van Goewermentskennisgewing R. 1912 wat in *Staatskoerant* 6165 van 22 September 1978 verskyn, word vir algemene inligting gepubliseer:

In die Engelse teks van die Bylae, in klousule 7 (1) (a) van Deel I, vervang die woord "or" deur die woord "of".

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



No. R. 2058 13 October 1978

INDUSTRIAL CONCILIATION ACT, 1956

HAIRDRESSING TRADE, PORT ELIZABETH AND UITENHAGE.—AMENDMENT OF AGREEMENT

I, Stephanus Petrus Botha, Minister of Labour, hereby—

(a) in terms of section 48 (1) (a) of the Industrial Conciliation Act, 1956, declare that the provisions of the Agreement (hereinafter referred to as the Amending Agreement) which appears in the Schedule hereto and which relates to the Hairdressing Trade, shall be binding, with effect from the second Monday after the date of publication of this notice and for the period ending 30 June 1979, upon the employers' organisation and the trade union which entered into the Amending Agreement and upon the employers and employees who are members of the said organisation or union;

(b) in terms of section 48 (1) (b) of the said Act, declare that the provisions of the Amending Agreement, excluding those contained in clause 1 (1), shall be binding, with effect from the second Monday after the date of publication of this notice and for the period ending 30 June 1979, upon all employers and employees other than those referred to in paragraph (a) of this notice, who are engaged or employed in the said Trade in the areas specified in clause 1 (2) of the Amending Agreement; and

(c) in terms of section 48 (3) (a) of the said Act, declare that in the areas specified in clause 1 (2) of the Amending Agreement and with effect from the second Monday after the date of publication of this notice and for the period ending 30 June 1979, the provisions of the Amending Agreement, excluding those contained in clauses 1 (1) and 2, shall *mutatis mutandis* be binding upon all Blacks employed in the said Trade by the employers upon whom any of the said provisions are binding in respect of employees and upon those employers in respect of Blacks in their employ.

S. P. BOTHA, Minister of Labour.

SCHEDULE

INDUSTRIAL COUNCIL FOR THE HAIRDRESSING TRADE, PORT ELIZABETH AND UITENHAGE

AGREEMENT

in accordance with the provisions of the Industrial Conciliation Act, 1956, made and entered into by and between

The Port Elizabeth and Uitenhage Master Hairdressers' Association

(hereinafter referred to as the "employers" or the "employers' organisation"), of the one part, and

The S.A. Hairdressers Employees' Industrial Union (Port Elizabeth and Midlands Branch)

(hereinafter referred to as the "employees" or "trade union"), of the other part,

being parties to the Industrial Council for the Hairdressing Trade (Port Elizabeth and Uitenhage),

to amend the Agreement published under Government Notice R. 484, dated 30 March 1972, as amended and renewed by Government Notices R. 477, dated 22 March 1974, R. 1278 and R. 1279, dated 23 July 1976.

1. SCOPE OF APPLICATION OF AGREEMENT

The terms of this Agreement shall be observed in the Hairdressing Trade—

(1) by all employers and employees who are members of the employers' organisation and the trade union;

No. R. 2058 13 Oktober 1978

WET OP NYWERHEIDSVERSOENING, 1956

HAARKAPPERSBEDRYF, PORT ELIZABETH EN UITENHAGE.—WYSIGING VAN OOREENKOMS

Ek, Stephanus Petrus Botha, Minister van Arbeid, verklaar hierby—

